

# Hoe om die Bybel te lees en te verstaan

Prof. GJC Jordaan

# Hoe om die Bybel te lees en te verstaan

DEUR

Prof. GJC (Gert) Jordaan
(Teologiese Skool Potchefstroom)

Kopiereg voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag in enige vorm of op enige manier sonder die skriftelike toestemming van die publiseerders weergegee word nie. Dit sluit fotokopiëring en skandering van die boek in.

© Deputate Gereformeerde Publikasies (CJBF)

Gedruk en gebind deur: IVYLINE TECHNOLOGIES, POTCHEFSTROOM

ISBN 978-0-86955-241-4

9 780869 552414

'n Publikasie van die Deputate Gereformeerde Publikasies
van
**Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika**

# INHOUD

**Voorwoord** ..... **1**

**Inleiding** ..... **2**

Die regte verstaan word nie deur metode bepaal nie ..... 2
Die verligting van die Gees lei tot verstaan ..... 2
Die Gees verlig deur sy Woord ..... 3

**Beginsels vir Gereformeerde Skrifverklaring** ..... **4**

Grondbeginsel: Die Bybel is die woord van God ..... 4
Verklaringsbeginsel: Woord en Gees getuig saam ..... 4
Beginsels vir geldige verklaring ..... 5

**Tendense in die Hermeneutiek** ..... **7**

Eensydige klem op die skrywer ..... 7
Eensydige klem op die skrywer se omstandighede ..... 7
Eensydige klem op die teks ..... 8
Eensydige klem op die leser ..... 9
Samevatting ..... 9

# Voorwoord

Die stof wat hier aangebied word, het gedurende 2016 as artikels in Die Kerkblad verskyn. Daarna is versoeke ontvang om dit in ‘n aparte publikasie uit te gee.

Die vraag hoe gelowiges die Bybel moet lees, het in ons tyd besonder aktueel geword. Radikaal uiteenlopende standpunte deur teoloë en ander wetenskaplikes, byvoorbeeld oor sake soos homoseksualiteit, werk verwarring en verdeeldheid in die hand. Hierdie uiteenlopende standpunte berus uiteindelik op prinsipiële verskille in Skrifbeskouing en Skrifhantering.

Daar is dus ‘n dringende behoefte aan ‘n “populêre hermeneutiek” wat op die Skrif gegrond is en aan gelowiges toerusting en leiding kan gee in hulle daaglikse omgang met die Bybel. Hiervoor is Prof Jordaan as Skrifgetroue teoloog uitnemend geskik. Sy deurleefde insig in en kennis van die Gereformeerde hermeneutiek, blyk nie net uit sy wetenskaplike publikasies nie, maar juis ook uit sy vermoë om Bybelse beginsels op ‘n verstaanbare en toepaslike wyse vir elke Bybelleser te formuleer.

Dit is daarom my oortuiging dat hierdie publikasie ‘n baie nuttige sleutel kan wees tot geseënde Bybelstudie.

C F C Coetzee

Potchefstroom.
September 2016

# Inleiding

Die kerk van die Here word dikwels deur meningsverskille geteister. Van die Bybelse tyd tot vandag toe. Dit op sigself is nie vreemd nie, want mense het nie altyd dieselfde siening van sake nie. Wat ŉ mens egter verstom en self verwar, is die feit dat elkeen in die geskil hom of haar op die *Bybel* beroep: "Uit die Bybel is dit tog duidelik dat dit so is en so moet wees!" Dit lei onvermydelik tot die vraag: Hoe is dit moontlik dat mense die Bybel so verskillend lees en verstaan? Hierdie publikasie is daarop gemik om kortliks by ŉ antwoord op hierdie kwelvraag uit te kom.

## *Die regte verstaan word nie deur metode bepaal nie*

Dikwels word gesê dat jou verstaan van die Bybel afhang van die metode waarvolgens jy die Bybel lees. Tradisioneel word die Bybel in die Gereformeerde wêreld gelees en uitgelê op ŉ metode wat as *grammaties-histories* bekend staan. Mense gebruik soms ook ander metodes, soos die sosio-historiese metode of die literêre metode. Die verskillende metodes en tendense word by ŉ latere punt hieronder bespreek.

Die belangrike punt wat ons egter uit die staanspoor moet besef, is dat die regte verstaan van die Bybel nie werklik van ons metode van Bybellees afhang nie. Anders sou lesers sonder opleiding in ŉ bepaalde metode nie die Bybel kon verstaan nie. Dit sou ook impliseer dat die Bybel nie duidelik genoeg is vir enigeen om te lees en te verstaan nie. En daarmee sou ons weer terug wees by die Roomse opvatting van die Middeleeue dat Bybellees net vir geleerdes gereserveer moet word en dat gewone kerklidmate "leke" is wat die Bybel nie kan verstaan nie. Hierdie gevaar is nie denkbeeldig nie. Betreklik onlangs nog het ŉ dominee in *Die Kerkbode* geskryf dat die Bybel in die hande van gewone lidmate "gevaarlik" is, omdat hulle nie die metode ken om dit reg te lees nie en die Bybel daarom verstaan soos dit daar geskryf is.

Die regte verstaan van die Bybel hang egter nie van (wetenskaplike) metodes af nie. Daarom word daar ook nêrens in die Bybel ŉ bepaalde metode voorgeskryf nie. Petrus en Johannes was ongeleerde mense wat die Skrifte deeglik verstaan het (Hand 4:13), sonder al die metodes vir Skrifuitleg wat deur die Skrifgeleerdes voorgeskryf en gevolg is. Paulus het wel die Skrifgeleerdes se metodes geken, en het later as apostel self daarvan gebruik gemaak, soos in sy briewe gesien kan word. Tog het hy die Skrifte anders as die Skrifgeleerdes van sy tyd verstaan. Waarom? Omdat hy boonop die verligting van die Heilige Gees van God ontvang het.

## *Die verligting van die Gees lei tot verstaan*

Aan die Korintiërs skryf Paulus dat iemand sonder die verligting Gees die Skrifte asof met bedekte oë en hart lees (2 Kor 3:14-17). Maar elkeen wie se hart deur die Here verlig word, kom in die lees van die Skrifte tot die kennis

van die geloof (2 Kor 4:6). Daarom dank Paulus die Here ook oor die Thessalonisense omdat hulle die woord van God wat aan hulle verkondig is aangeneem het "nie as die woord van mense nie maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo" (1 Thess 2:13).

Kom ons vra weer die vraag waarmee ons begin het: Hoe moet ons die Bybel lees en verstaan? Die woorde van die apostel Paulus het ons nou reeds by ŉ eerste antwoord uitgebring: Die Bybel moet in geloof gelees word – geloof in die Here Jesus Christus, lewend in die hart, verlig deur die inwoning van die Heilige Gees. Ons moet die Bybel dus biddend lees – met die gebed dat die Gees ons sal lei tot die regte verstaan.

## *Die Gees verlig deur sy Woord*

Wanneer ons so bid, moet ons dit doen met die besef dat die Heilige Gees die Bybelleser nie op ŉ geheimsinnige manier lei en verlig deur ŉ "inwendige lig" wat as 't ware uit hemel op ons afdaal nie. Nee, die Heilige Gees gee lig en leiding deur sy Woord self. Ons ontvang dus leiding van die Gees om reg te verstaan deur die Boek van die Heilige Gees oop te maak en te lees.

Hoe moet ons dan daarby uitkom om die Bybel te verstaan? Die antwoord waarby ons nou uitgekom het, is: Om die Bybel te verstaan, moet ons dit *lees*. In praktyk beteken dit dat ons dele van die Bybel wat vir ons minder duidelik is, kan verstaan deur net aan te hou met lees. Ons moet egter nie maar net so bolangs lees nie. Nee, ons moet met aandag lees, met inspanning, al luisterend na die stem van die Gees. Mettertyd sal ons van elders uit die Bybel die lig kry om te verstaan.

Vir so ŉ aandagtige lees van die Bybel, sodat ons die leidende stem van die Gees daarin hoor, is daar bepaalde beginsels en voorvereistes. Daarom verskuif ons nou ons aandag na die beginsels en voorvereistes wat vir die uitleg en verstaan van die Bybel nodig is.

## Beginsels vir Gereformeerde Skrifverklaring

Hierbo is daarop gewys dat die verstaan van die Bybel nie van metodes afhanklik is nie. Belangriker as die metodes is die *beginsels* wat dien as vertrekpunte waaruit die verklaring aangepak word. Die verklaarder se vertrekpunte bepaal uiteindelik hoe hy sy metode toepas. Die vertrekpunt van Gereformeerde Skrifverklaring is ŉ geloofsvertrekpunt. Die beginsels daarvan is reeds in die tyd van die Reformasie deur Calvyn in sy Institusie beskryf en in sy Bybelkommentare toegepas. Kom ons kyk kortliks na sy beskrywing daarvan.

### *Grondbeginsel: Die Bybel is die woord van God*

Om die Bybel reg te verstaan, moet die verklaarder in geloof erken dat die Bybel die woord van God is. Dan sal sy Bybellees daarop gemik wees om te hoor wat God sê; én hy sal met eerbied daarna luister as woorde met Goddelike gesag (Institusie I.7).

Ons weet dat die woorde in die Bybel geskryf is deur menslike skrywers wat God in diens geneem en daartoe geïnspireer het. Tog durf ons nie by die woorde en gedagtes van die menslike skrywers vassteek nie; want as dit net mensewoorde was, sou dit geen gesag hê nie en sou dit vir ons vandag maar van min waarde wees. Nee, hoewel in mensewoorde, is dit steeds gesagvolle woord van God.

Om die Bybel as woord van God te erken, beteken verder dat jy aanvaar dat alles daarin woord van God is. Uiteraard moet ons oplet na wat in die teks as hoofsake en wat as bysake aangebied word. Ons moet ook raaksien dat die Bybel, bo-en-behalwe woorde wat God direk spreek, ons ook leer wat mense sê en dink, of selfs wat die duiwel sê en dink. Ons moet daarom leer om onderskeidend te lees (vgl. die beginsels vir geldige verklaring, hieronder) – maar steeds deeglik bewus daarvan dat dit in geheel woord van God is.

### *Verklaringsbeginsel: Woord en Gees getuig saam*

ŉ Tweede beginsel is dat jy die Bybel net as woord van God kan aanvaar as die Heilige Gees die geloofsoortuiging in jou hart lê. Eintlik is dit ŉ dubbele getuienis waarin Gees en Woord saamwerk. Die Bybel dra in sigself die getuienis dat dit God se Woord is, en terwyl ons dit lees, getuig die Heilige Gees in ons harte dat dit God se Woord is (Institusie I.7).

Dit beteken dat Bybellesers die Bybel net as woord van God kan verstaan in soverre as wat hulle genadiglik verlig is deur die Heilige Gees (Institusie II.2,11). Oor die manier waarop die Gees ŉ mens verlig, het ons reeds hierbo gehandel. Die belangrike saak is: Die regte verstaan van God se Woord is ŉ gawe van die Heilige Gees.

Die besef hiervan maak die Bybelverklaarder diep nederig in sy werk. Dit veroorsaak dat jy in jou omgang met die Skrif groot huiwering en self-beperking aan die dag sal lê. Dit laat jou biddend lees en verklaar, sodat jy nie by jou eie gedagtes en jou eie omstandighede sal vassteek nie maar werklik sal kan hoor wat God in sy Woord sê. Ook met eie interpretasies en afleidings uit die Bybel sal jy baie versigtig wees, terwyl jy bid dat die Gees jou so sal verlig dat jy geldige afleidings sal maak, en heeltyd daarop bedag sal wees om nie eie interpretasies te hanteer asof dit gelyke gesag met die woord van God het nie.

In nederigheid moet elke Skrifverklaarder ook besef dat hy nie die eerste mens is wat die Bybel verklaar en toepas nie. Vorige geslagte Bybelverklaarders het net soos ons vandag met die verligting van die Gees die Bybel gelees en verklaar. Daarom het hulle werk vir ons groot waarde en behoort ons net as dit absoluut noodsaaklik is, daarvan af te wyk.

## *Beginsels vir geldige verklaring*

Die grammaties-historiese benadering waarmee Gereformeerde eksegete vandag die Bybel lees en verklaar, berus op die beginsels wat hierbo uiteengesit is. Hierdie beginsels stel 'n fyn balans tussen wat in die teks geskryf is (die "grammatiese") en die omstandighede waaronder dit geskryf is (die "historiese"). Dit kom kortliks op die volgende neer:

- Verklaring moet die teks *verduidelik* en nie *verduister* nie. Ingewikkelde argumente deur die verklaarder maak die Bybelteks vir die leser dikwels onduideliker as wat dit self is. Daarom is helderheid en bondigheid nodig.
- Die verklaarder moet soek na die bedoeling van die skrywer. Die skrywer se bedoeling word egter nie uitgedink nie maar in die Skrif self gevind. Sy bedoeling is deur die Gees geïnspireer. Daarin hoor ons wat God vir ons sê.
- Hoewel die Bybel God se Woord vir gelowiges van alle tye is, is dit nie in 'n lugleegte geskryf nie maar gerig op die omstandighede van die eerste lesers. Daarom moet die verklaarder nagaan wat die historiese, geografiese en kulturele omstandighede van die skrywer en die eerste lesers was. Hierdie inligting moet dikwels uit ander buite-Bybelse bronne (geskrifte, inskripsies en opgrawings) bekom word. Sulke buite-Bybelse gegewens word gebruik om die Bybelteks toe te lig en nog beter te verstaan, maar mag nie ingespan word om die Bybel te probeer weerlê nie (NGB art. 6).
- Verder moet die teks gelees word binne sy verband met die res van die Skrifopenbaring, juis omdat God sy openbaring vir ons van begin tot einde in die Skrif laat oopvou. Uitsprake wat vroeër in die Bybel voorkom, moet daarom in die lig van later uitsprake gelees word, en andersom.

- Met bogenoemde in ag geneem moet na die eenvoudigste betekenis van die Bybelgedeelte gesoek word. Die finale toets vir die geldigheid van die uitleg is of dit klop met alles wat in die teks geskryf staan.
- Die Bybelleser moet verder seker maak in hoeverre die teks toelaat dat jy verder mag gaan as die direkte woorde van die teks. Vir die regte verstaan is dit nodig om metafore, beeldspraak, hiperbole en ander stylfigure in die teks raak te sien, omdat sulke dele van die begin af nie bedoel was om letterlik op te neem nie.
- Die finale beginsel vir Skrifverklaring is dat ons die Bybel lees om die evangelie van Christus daarin te vind. Christus word nie orals in die Bybel ewe duidelik of op dieselfde manier geopenbaar nie. In die Ou Testament hoor ons byvoorbeeld *hoe* die Christus is; in die Nuwe Testament hoor ons presies *wie* Hy is. Maar in ons Bybellees hou ons altyd die oog gerig op Jesus Christus.

**Kortliks saamgevat:**
In Bybellees kom drie kernsake bymekaar uit, wat altyd in gesonde balans beskou moet word:

- Die Skrywer (Sender): Ons moet by elke teks vra *wie* die woorde gesê of geskryf het, *waarom* en onder *watter omstandighede* – terwyl ons heeltyd weet dat *God die eintlike Skrywer en Sender* is.
- Die Teks (Boodskap): Ons moet by elke teks vasstel presies wat die skrywer geskryf het en wat dit beteken het.
- Die Leser (Ontvanger): Ons moet besef ons die teks vandag onder ons eie omstandighede ontvang en lees. Daarom moet ons biddend luister, in die geloof dat die Gees ons sal verlig om te kán hoor wat God vandag vir ons sê..

Hiermee het ons die beginsels wat vir die verstaan van die Bybel onontbeerlik is, kortliks saamgevat. Daar is egter Bybellesers wat nie hierdie beginsels onderskryf nie maar die Bybel vanuit ander vertrekpunte lees en verklaar. Die gevolg is dat daar vandag 'n verskeidenheid van tendense in die Hermeneutiek van die Bybel voorkom, tendense wat onder meer tot verskillende verklarings van die Bybel lei. Daarom is ons volgende fokus op sulke tendense in die Hermeneutiek.

## Tendense in die Hermeneutiek

Hermeneutiek (Verstaankunde) is die vakwetenskap wat beginsels en metodes van *verstaan* bestudeer. Die beginsels van Bybelverklaring waarna ons ŉ vorige keer gekyk het, en die verhouding tussen skrywer, teks en leser, is alles reeds deel van Bybelse Hermeneutiek. Sulke hermeneutiese sake is van uiterste belang, want sonder ŉ beginselvaste en gebalanseerde vertrekpunt ontspoor Bybellees en -verklaring maklik. Dit word bevestig deur allerhande tendense in die Hermeneutiek wat gereeld in kerk en teologie opduik.

Hieronder bespreek ons hermeneutiese tendense waarin die beginsels van Bybelverklaring bevraagteken of verwerp word, en waarin die klem eensydig op óf die skrywer óf die teks óf die leser gelê word.

### *Eensydige klem op die skrywer*

Tendense wat eensydig op die skrywer fokus, het gewoonlik net die *menslike* skrywers voor oë. Die beginsel dat dié skrywers deur die eintlike Skrywer – die Heilige Gees – geïnspireer is, word deur hierdie tendens bevraagteken of verwerp. Reeds in die agtiende eeu het ŉ benadering wat as Historiese Kritiek bekendstaan, die Bybel beskryf as ŉ boek wat bloot deur menslike skrywers geskryf is. Vir nalopers van die Historiese Kritiek is die Bybel niks meer nie as ŉ antieke bron waarin meer oor die godsdienstige idees van die mense van ouds gelees kan word.

Onder invloed hiervan het Harry Kuitert, ŉ bekende Nederlandse teoloog, in die vorige eeu beweer dat die Bybel net ŉ weergawe is van hoe mense in die verre verlede God ervaar het. Daarom moet ons die Bybel soos ŉ padkaart lees, sê Kuitert, as ŉ blote rigtingwyser vir hoe ons self na God kan soek.

Die meeste gereformeerde Bybellesers sal waarskynlik nie met Kuitert saamstem nie. Tog is daar baie wat die Bybel lees asof dit eintlik maar net menslike skrywers se gedagtes bevat. Natuurlik moet Bybellesers ŉ oop oog hê vir elke Bybelskrywer se eie benaderingshoek en manier van skryf. Die menslike skrywers se tipiese manier van doen is immers nie deur die Goddelike inspirasie uitgeskakel nie maar juis daardeur in diens geneem. Tog moet ons daarvoor versigtig wees dat ons in ons Bybellees vassteek by "Paulus wat sê" of "Johannes wat sê".

### *Eensydige klem op die skrywer se omstandighede*

Ons het hierbo gesien dat gereformeerde Bybellesers en -verklaarders deeglik van die historiese, geografiese en kulturele omstandighede van die skrywer en die eerste lesers moet kennis neem. Die rede hiervoor is dat die Bybel met sy teboekstelling op die destydse tyd en omstandighede gerig was.

Volgens die Historiese Kritiek is die Bybel egter nie op die destydse omstandighede gerig nie maar is dit daardeur bepaal en daarin vasgevang. In aansluiting hierby het die Duitse teoloog Rudolf Bultmann later gesê dat die Bybelteks so in die geskiedenis vasgevang is dat dit eintlik ŉ mitologiese vorm aanneem, ŉ vorm wat vir die moderne mens geen boodskap bevat nie. Gevolglik het Bultmann ŉ ander betekenis aan die Bybel probeer gee, ŉ betekenis wat los staan van die historiese en mitologiese vorm waarin hy meen dit geskryf is.

Hieraan verwant is die sogenaamde sosio-wetenskaplike benadering, wat beweer dat die Bybel die produk van die destydse samelewing was. Anders as in Gereformeerde Skrifverklaring, wat kulturele en historiese gegewens gebruik as noodsaaklike inligting om die teks makliker te verstaan, gebruik sosio-wetenskaplikes sulke gegewens as ŉ filter waardeur die teks gelees word. Tot so ŉ mate dat hulle Bybeluitsprake, in soverre hulle dit aan die destydse sosiale of kulturele situasie kan verbind, as ongeldig vir vandag beskou.

Hierdie tendens kom ook in die hedendaagse debat oor homoseksualisme voor. Daar is teoloë wat pleit dat ons die Bybel met meer "historiese sensitiwiteit" moet lees as wat tot dusver gedoen is. So kom hulle tot die gevolgtrekking dat die Ou Testament se uitsprake teen homoseksualisme net vir die destydse situasie gegeld het en nie op ons van toepassing is nie. In die Nuwe Testament het ons weer met die persoonlike standpunt van Paulus te doen, sê hulle; en Paulus het nie dieselfde kundigheid oor homoseksualisme gehad as waaroor wetenskaplikes vandag beskik nie. Daarom kan Paulus se uitsprake nie meer vir ons geld nie. Ons weet vandag beter as Paulus. Die uiteinde hiervan is dat dele van die Bybel as blote mensewoorde bestempel word, en God se woord ingeperk word.

Wie die Bybel op hierdie manier wil lees, maak uiteindelik van die Bybel sy eie dienskneg. Want op dié manier gebruik hy die Bybel selektief, sodat slegs dié dele wat hy meen in vandag se situasie nuttig of diensbaar kan wees, behou word. Dié dele wat egter na sy mening nie in vandag se situasie kan inpas nie, word by wyse van spreke bloot in die geskiedenis toegesluit.

## *Eensydige klem op die teks*

Aan die ander kant: So belangrik as wat die woorde van die Bybelteks vir die Gereformeerde verklaring is, is dit ŉ ernstige mistasting om, asof met oogklappe aan, net op die teks wat voor jou is, te fokus. Hierdie tendens, wat veral by die Biblisisme en Fundamentalistiese groepe voorkom, lei daartoe dat Skrifuitsprake buite verband gelees en verklaar word. Aanhangers van die sogenaamde Israel-visie is daarvoor bekend dat hulle die Bybel op hierdie manier lees. Om iemand se woorde uit verband te ruk, is in werklikheid verdraaiing van sy woorde – ŉ sonde wat in die negende gebod verbied word (Sondag 43). Daarom wys die Gereformeerde hermeneutiek hierdie tendens

af en dring daarop aan dat elke Bybelteks binne sy konteks gelees en verklaar moet word.

## *Eensydige klem op die leser*

Die tendens om Skrifuitsprake uit verband te ruk, duik soms in vreemde geselskap op. So onderskryf Bevrydingsteoloë, Materialistiese teoloë en Feministiese teoloë graag hulle leerstellings met Bybeltekste – dikwels sonder inagneming van die verband waarin die teks voorkom. Op hierdie manier lees hulle hul eie idees in die Bybelteks in, met die “regverdiging” dat die leser eintlik maar die boodskap van ’n teks bepaal. Die bedoeling van die skrywer en die betekenis van die teks moet terugstaan vir die leser en sy omstandighede.

Die uiteinde van hierdie tendens is dat die boodskap van die Bybel *relatief* gemaak word. *Relatief* in dié opsig dat elke leser homself die reg toeëien om ŉ eie betekenis, soos hy wil, in die Bybel in te lees. Teoloë van die Postmodernisme gaan selfs so ver om te sê dat die Bybel geen vaste waarheid bevat nie en dat elke leser sy eie waarheid in die Bybel “inlees”. Trouens, volgens hulle het elke mens maar net ’n eie illusie van waarheid en werklikheid. Hieruit volg die oortuiging dat elkeen maar kan glo wat hy wil. Die Bybel as gesagvolle bron van waarheid word ontken en die evangelie van Christus word verruil vir die voorkeure van mense.

## *Samevatting*

Die opset van hierdie boekie gee nie genoeg ruimte om al die tendense te bespreek en hulle nog vollediger te bespreek nie. Wat wel hierin beskryf is, maak dit hopelik duidelik wat gebeur as iemand die Bybel sonder die nodige Gereformeerde beginsels wil lees en verklaar. Sonder die anker van daardie beginsels staan jou Bybellees op losse skroewe. Wie egter die Bybel lees met die oog daarop om die waarheid van God se openbaring en die evangelie van Christus daarin te vind, ontvang daaruit onbeskryflike vreugde.